Verwysing: 20201029-9174
Lêerno.: 12/2/8/17/1/2
Navrae: K Lackay

Inrigtingshulpbrononderstеuningsminuut: 0013/2020

Aan: Hoofdirekteur: Distrikte, Distriksdirekteure, Adjunkdirekteure: Korporatiewe Dienste (distrikskantore), Hoofde: Bestuur en Beheer (distrikskantore) Kringbestuurders, Prinsipale en Voorsitters van gewone openbare skole en Voorsitters van beheerliggame van skole met WKOD-befondsde leerdervervoerroetes

Onderwerp: Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) se Handleiding vir die Standaard Bedryfsprosedures vir die Bestuur van Leerdervervoerskemas

1. Die Handleiding vir Standaard Bedryfsprosedures (SBP) vir Leerdervervoerskemas (LVS's) is hersien en gewysig.

2. Die goedgekeurde handleiding vir die SBP is by hierdie minuut aangeheg, tesame met die amptelike vorms wat vir die administrasie van WKOD-befondsde leerdervervoer gebruik word.

3. Die register van gemagtigde leerders en die eisvorms word slegs gebruik sodra 'n nuwe termynkontrak van vyf jaar vir 'n bepaalde roete, met behulp van die nuwe aanbod- en kontrakdokument, verkry is. Dié vorms is opgestel in ooreenstemming met die kontrakvoorwaardes, soos uiteengesit in die nuwe aanbod- en kontrakdokument. Vir die roetes waar kontrakte deur die vorige aanbod- en kontrakdokument bekom is, moet skole voortgaan om van die WKOD 062-vorm en WKOD 063-vorm gebruik te maak. Distriksamptenare word versoek om skole by te staan om 'n onderskeid te tref tussen die aanbod- en kontrakdokumente.

4. Die handleiding vir die SBP wat by hierdie minuut aangeheg is, herroep en vervang die dokumente wat saam met Omsendbrief 0051/2015 van 02 September 2015 uitgestuur is.

5. Distriksamptenare en prinsipale word versoek om die SOP-dokument aan alle partye beskikbaar te stel wat hierdeur geraak word.

GETEKEN: BK SCHREUDER
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2020-11-13